


**Hier verskyn die wenspan *Rhino's saam met die Uitvoerende Burgemeester van Bergrivier Munisipaliteit Raadsheer Ray van Rooy (middel)*: JJ Owies (links) en Nicholaas Claasen. Ronald Davies en Jan Skippers was ook in die wenspan. Baie geluk Rhino's! Die gholfdag was 'n reuse sukses en is gehou te Velddrif.**

## BURGEMEESTER SE GHOLFDAG

Die Burgemeester se gholfdag bly elke jaar een van Bergrivier Munisipaliteit se hoogtepunte op die kalender.

Die gholfdag, wat op 6 November 2020 weereens by die Bergrivier Gholfklub in Velddrif plaasgevind het, is 'n jaarlikse fondsinsamelings-inisiatief waarby alle winste aan die Burgemeester se Hulpfonds toegeken word. Hierdie fondse word gebruik om al die gemeenskappe in die Bergrivier-area te ondersteun en te help met maatskaplike ontwikkeling en armoede verligting.

Vanjaar het die Uitvoerende Burgemeester van Bergrivier Munisipaliteit, Raadsheer Ray van Rooy, R5 000 aan vier instansies oorhandig naamlik: Noordhoek Primêre Skool, Aan Oewer-dienssentrum, Hoërskool Velddrif en die Bergrivier-vereniging vir mense met gestremdhede.

Hulp word verskaf om verskeie redes of ter ondersteuning van verskillende behoeftes soos: brande, sportgeleenthede en in tye van krisis.

"Hierdie gholfdag is 'n spesiale geleentheid op Bergrivier se jaarlikse kalender. Ons sien elke jaar uit na hierdie dag. Baie dankie aan al ons spanne wat uitgekom het, dankie aan die ondersteuners en 'n spesiale dankie aan ons borge. Julle het die dag 'n sukses gemaak," het Raadsheer Ray van Rooy, Uitvoerende Burgemeester van Bergrivier Munisipaliteit, gesê. Ons is trots om saam met u 'n groot verskil in ons gemeenskappe te kan maak.

## STRANDOORDE OOP IN BERGRIVIER:

Stywelyne en Dwarskersbos Strandoorde in die Bergrivier Munisipale Gebied is oop vir besprekings en ook gedurende die feesseisoen.

Vir besprekings by **Stywelyne Strandoord** kontak Gerrit Esau by **022 783 0408/ 083 272 3852** of stuur 'n e-pos na stywelyne@bergmun.org.za en vir besprekings by **Dwarskersbos Strandoord** kontak Bianca Smidt by **022 784 0110/ 083 272 4132** of stuur 'n e-pos na dwarskersbos@bergmun.org.za

## PIKETBERG PRECINCT PLAN OPEN FOR COMMENT

A draft precinct plan, aimed at re-designing certain sections in Piketberg to make it a more attractive and inclusive town, is currently open for public comments and input.

The aim of this undertaking is to create a connected and consolidated town which is centered around a dignified public heart that is accessible to all including recreational and public amenities.

Some of the proposals include: a new skate park; a new community facility, paving; seating and lighting upgrades; new town entrance features; a new pedestrian route; public space and play park associated with the Active Box; and a new school.

Please submit your comments by latest 14 December 2020. Comments can be submitted via e-mail: precinctplan@gmail.com or via WhatsApp to 081 311 3344. For more information visit www.bergmun.org.za or visit the Facebook Page titled "Piketberg Gateway and Integration Zone Precinct Plan." The precinct plan documentation can be viewed at www.bergmun.org.za




## RAPPORTEER GEVALLE VAN BEDROG EN KORRUPSIE:

Vermeende gevalle van bedrog en korrupsie wat met Bergrivier Munisipaliteit verband hou, kan gerapporteer word via 'n Teenbedrog en -Korrupsienoodlyndiens.

Alle openbaarmakings kan gemaak word met behulp van die onderstaande kontakbesonderhede: **Tolvrye telefoonnommer**: 0860 004 009; **E-posadres:** westcoast@behonest.co.za

Lede van die publiek word ook aangemoedig om enige bedrog-en/ of korrupsiebewerings aan die Uitvoerende Burgemeester, Raadsheer Ray van Rooy, by 083 657 9615, te rapporteer. U kan ook enige bedrog– en/ of korrupsiebewerings rapporteer aan die Munisipale Bestuurder, Adv. Hanlie Linde by 022 913 6011 of aan die Interne Ouditeur, Jurene Erasmus, by 022 913 6002 of per e-pos: frankj@bergmun.org.za




**WE SERVE WITH PRIDE** **DECEMBER 2020**

## BERGRIVIER COMMUNITY AND RURAL SAFETY FORUM FORMED

A group of community members from different towns in the Bergrivier Municipal Area, came together on 20 October 2020 to form the Bergrivier Community and Rural Safety Forum.

Representatives from interest groups including the South African Police Service (SAPS), Community Safety Forums, Neighbourhood Watches, Agricultural Associations/Farm Watches, Department of Social Development and Community Safety and Voorberg Correctional Facilities within the Bergrivier Municipal Area attended the establishment of this forum, which took place at the Allan Boesak Community Hall in Piketberg.



According to Alderman Riaan de Vries (left), Speaker of Bergrivier Municipality, community safety is a top priority for the Municipality and in accordance with the priorities determined by the Premier of the Western Cape. "Our objective is to establish a structure which would work towards creating safer communities and assisting the South African Police Service to lower the local crime levels in the region," he said.

The aim of the forum is to establish an inclusive multi-sectoral structure that operates with the SAPS and beyond, with the focus on crime prevention and the implementation of relevant community safety initiatives.



**Francois de Jager (Chairperson)**

The elected forum Chairperson is Francois de Jager and the Deputy Chairperson is Mark Lintnaar. Both leaders mentioned that they are eager to get started and singled-out teamwork as the key to achieving the goals set out by the forum and in the Safety Plan.

The mission of the forum is: "To promote the development of a community where citizens live in a safe environment and have access to high quality services at local level, through an integrated multi-agency collaboration between organs of state and various communities".



**Mark Lintnaar (Deputy Chairperson)**

## WATER RESTRICTIONS LIFTED

Bergrivier Municipality has, since 1 October 2020, lifted its water restrictions.

Residents are allowed to proceed with their normal activities such as washing their vehicles, watering their gardens (at any time), filling up their pools, and using water for general hygiene and household purposes. The 100 litre per person per day is no longer applicable.

The Municipality reverted back to its 'normal' water tariffs as approved by Council on 29 May 2020. We still urge all residents not to waste water, but to rather use it responsibly.

We would like to thank all residents who have, throughout the drought period, adhered to all the water restriction measures and supported the Save Water Campaign by using water sparingly.



**Noordhoek Biblioteek:** Hier verskyn die Munisipale rolspelers saam met die kontrakteurs vir die Noordhoek Biblioteek bouprojek.

## BIBLIOTEEK IN NOORDHOEK WORD OPGEGRADEER

'n Bedrag van R1,4 miljoen word gespandeer op die Noordhoek biblioteek in Velddrif, om die fasiliteit op te gradeer.

Bergrivier Munisipaliteit is in proses om die Noordhoek biblioteek, aan die kant van die kinderafdeling en die studie-area, uit te brei. Die doel is om meer kinders 'n geleentheid te gee om die fasiliteit gedurende die dag te gebruik en om hul skoolwerk in 'n veilige omgewing te doen.

Na voltooiing van hierdie projek sal die Noordhoek biblioteek spog met 'n nuwe aktiwiteitsaal, en 'n groter spasie vir storietyd vir die kleinkinders en 'n studiegebied.

Die projek sal na verwagting in April 2021 voltooi wees.  Ons sien uit!



## OORHANDIGING VAN TITELAKTES IN NOORDHOEK

Bergrivier Munisipaliteit se Wyksraadslid (Wyk 6), Rdl. Audrey Small, het op Woensdag, 28 Oktober 2020 saam met behuisingsamptenare tien (10) huise oorhandig in Noordhoek.





Die begunstigdes was verheug toe hulle die sleutels van hul nuwe huise ontvang het. Hierdie oorhandiging vorm deel van die 107 projek en 49 huise moet nog oorhandig word.

"'n Titelakte is 'n baie belangrike dokument. Bewaar dit asseblief. Hierdie dokument wys en bevestig dat u die wettige eienaar van u huis is," het Small gesê.

Die projek sal na verwagtig voor die einde van Januarie 2021 voltooi word.

Geluk aan al die begunstigdes wat hul titelaktes ontvang het. Kyk asseblief mooi na u huis. Geniet elke oomblik!

## 'n GESEËNDE FEESSEISOEN

**Ons het die einde van 'n baie moeilike jaar bereik. Die jaar 2020 is oorheers deur een ding en dit is COVID-19. Ons begin nou om die lig deur hierdie pandemie te sien. Soos ons nader aan die feesperiode kom, kan ons daarna uitsien om lekker tyd saam met ons geliefdes te spandeer— iets wat ons net vroeër vanjaar via 'n video-oproep kon doen. Alhoewel dit 'n tyd is vir viering en byeenkomste, moet ons nie vergeet om gehoor te gee aan die COVID-19 regulasies nie.**

**Ek wil ook 'n beroep op motoriste en voetgangers doen om ekstra versigtig te wees op ons paaie. Ons ervaar baie sterftes, laat ons hierdie Kersfees en feesgety spesiaal maak deur sterftes op ons paaie te verminder.**

**Kom ons almal volg die verkeersreëls sodat ons veilig by ons bestemming kan kom:**

- **Moenie drink en bestuur nie;**
- **Volg die reëls van die pad en hou u rybewys byderhand;**
- **Neem veiligheidsonderbrekings elke 2 uur of 200km. Dra altyd u veiligheidsgordel en kyk dat almal in die motor se gordel aan is; en**
- **Vermy afleidings op die pad en wees hoflik teenoor mede-padgebruikers.**

**Die COVID-19 pandemie het ons gewys dat ons regtig vir mekaar omgee. Laat ons dieselfde sorgsame gees saam in die feestyd neem, deur 'n glimlag op 'n ander persoon se gesig te plaas deur 'n goeie daad te doen.**



**Bergrivier Munisipaliteit wens u 'n seisoen van seën. Mag die blydskap en vrede van Kersfees met u en u familie wees. Geseënde Kersfees, gelukkige feesgety en 'n voorspoedige nuwe jaar vir almal.**

**UITVOERENDE BURGEMEESTER**
**RAADSHEER RAY VAN ROOY**



## OPENBARE VERGADERINGS REGSTREEKS UITGESAAI OP FACEBOOK

Bergrivier Munisipaliteit het geskiedenis gemaak deurdat alle openbare vergaderings gedurende Oktober 2020 regstreeks uitgesaai is via die Facebook blad "Bergrivier Municipality".

Meer as 1000 mense wat die Munisipaliteit op Facebook volg, het virtueel ingeskakel by die vergaderings. Die vergaderings het plaasgevind vanaf 03 tot 23 Oktober 2020.

Volgens die COVID-19 vlak 1 regulasies (geldig in Oktober 2020) kon slegs 50% van die totale kapasiteit van gemeenskapsale geakkommodeer word. Dit is om hierdie rede dat die Burgemeesterskomitee besluit het om Facebook te gebruik om almal 'n geleentheid te gee om in te skakel vanuit die gemak van hul huise en om verspreiding van die virus steeds te voorkom.

"Dit was 'n groot sukses! Hierdie oefening het ons 'n nuwe manier gewys in die uitvoering van ons openbare deelnameprosesse. Dit is fantasties hoe tegnologie ons bymekaar kan bring ten spyte van COVID-19," het Raadsheer Ray van Rooy gesê.

Volg ons op Facebook by 'Bergrivier Municipality' en 'Bergrivier Executive Council' om al die nuutste inligting te kry en om in die toekoms te kan inskakel by ons openbare vergaderings. Ons dien met trots in Bergrivier Munisipaliteit.



**Brandbestrydingsvoertuie:** Die sleutels van drie nuwe brandbestrydingsvoertuie is tydens die openbare vergaderings in Oktober 2020 aan drie dorpe, een per dorp, oorhandig. Die behoefte om 'n doeltreffende brandweerdiens in Eendekuil, Redelinghuys en Aurora te lewer, het 'n noodsaaklikheid geword.
**Izithuthi zokulwa imililo:** Izitshixo zeenqwelo-mafutha ezintathu ezitsha zokulwa umlilo zanikezelwa ngexesha leentlanganiso zikawonke-wonke ngo-Okthobha u-2020 kwiidolophu ezintathu, enye kwidolophu nganye. Isidingo sokubonelela ngenkonzo esebenzayo yomlilo e-Eendekuil, eRedelinghuys nase-Aurora siye saba sisidingo.